LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

26-11-2018

Geagte Ouers en Leerders

OMSENDBRIEF 42 VIR 2018

1 **ATLETIEK:**

- Oefentye vir November en Desember 2018 (tot die skool sluit):
  * Verspring, hoogspring, gewigstoot en hekkies oefen Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 13:15 tot 14:15 op Hoër Volkskool se velde.
  * Langafstande oefen Maandae tot Donderdae 16:00 tot 17:00 ook op Hoër Volkskool se velde.
- Afrigters:
  Verspring en Hekkies - Mnr. Louwtjie Dalhouzie
  Hoogspring - Oom Henning Snyman
  Gewigstoot - Oom Slappies du Plessis
  Langafstande - Tannie Elmien Coetzee
- Daar sal vanaf 3 Desember 2018 geen vervoer wees vir atlete na Hoër Volkskool toe nie. Tref asb. vervoerreëlings vir u kind/ers.

2 **VOLKIE VERE:**

- Net 'n vriendelike kennisgewing: Volkie Vere se pryse gaan vanaf 1 Januarie 2019 styg met 10%.
- Die winkel sal oop wees tot 14 Desember 2018 net tot 13:00.
- Volkie Vere heropen weer op Saterdag, 5 Januarie 2019 vanaf 08:00 tot 13:00.

3 **FORMELE ASSESSERING:**

- Leerders is skoolpligtig tot 13:00 elke dag.
- Personeel maak gebruik van tyd om vraestelle te bespreek en deur te werk.
- Punte word ook gekontroleer in die klasse.

4 **MY SCHOOL - KAART:**

Indien u nog nie 'n "My School"-kaart gekry het nie, vra ons u vriendelik om die aangehegte vorm wat u in u skoolrekening-pakkie gaan ontvang, te voltooi. U kaart word onmiddellik uitgereik sodra ons u vorm ontvang het. Hierdie is 'n kostelose projek.

5 **MASINCEDANE KALENDER VIR 2019:**

Masincedane verkoop hulle unieke, self ontwerpte kalenders vir 2019 @ R80. Bestellings kan geplaas word by Mev. Christine Kruger 0834683358. Hierdie is 'n baie praktiese kersgeskenk.

6 RUGBY 0/9:
Die Graad 3 seuns sal weer in die 1ste kwartaal 2019 begin met oefening.

7 RAPPORTE:
Rapporte word Dinsdag, 11 Desember 2018 vanaf 17:00 - 18:00 in die skoolsaal uitgedeel.

8 DEBIETVOLMAGVORMS:
Alle debietvolmagvorms vir die skool- en naskoolgelde moet voor 30 November 2018 ingehandig of ge-epos word na finansies@laervolkskool.co.za.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF